My VADER

G.J.du Preez 072 1876 076

1379.

My VADER

Om by die VADER uit te kom moet ons eers Sy Seun uitwys en erken. Sy Naam 'huidig' is YAHUSHA en Hy is die eerste van die Seuns wat deur VADER gegenereer/ geskape was(Job.1:6; 2:1; Joh.1:18). VADER het Hom aangestel as die Heerser en Hoëpriester oor al SY geskepte mag, dus besit YAHUSHA die hoogste posisie in VADER se Koninkryk (Joh.17:5).Wat baie belangrik is om te weet is dat daar huidig teenstanders is wat voorgee dat hy /hulle YAHUSHA self is (1 Joh.2:18).

Die teenstander: Toe Adam en Eva uit die Tuin van Eden verban was, was Lucifer saam met hulle daaruit. 'n Klompie jare daarna het die seuns van VADER die Wet oortree om die mens se vroue vir hulle te neem as vroue. Hulle was gestraf en is vasgebind in die dieptes van die aarde. 'Gérub' Lucifer (*Wat nie 'n seun van VADER was nie*) het heerskappy oor die gevalle seuns se kinders (demone) gehad. Alleen het hy regeer tot en met die put oopgesluit word waar die hoof uit gaan kom met die naam "Abáddon / Apóllion" (Open.9:11). Met slinksheid sal hy oorneem by Lucifer, en met volle-vaart poog om die mens van die aarde te verdelg; Indien hy (*of Ha satan self*) reeds uit is, was een van sy pogings om die "Genootskap / Geestelike orde van J*sus" te stig deur sy werker, 'Ignatius Loyola' in 1534. In 1540 het die genootskap eers bekend geword as Jesuïete waarvan Loyola die stigter en vader van die Jesuïete was. Hy was 'n Spanjaard wat sy begiftiging begin het in Parys Frans. Kyk gerus na die naam 'Jesuïet': Die "Jes" staan vir 'Jes-us' en die "uïet" staan vir 'uitgesoekte geselskap'. Hy saam met sy geselskap het die hele wêreld verly, hetsy vrywillig of gedwonge. In die 1500 era was die naam 'J*sus' nie bekend onder die volke as die Seun van VADER nie, maar eerder as die naam van die 'anti' wat in die plek van dié Naam "YAHUSHA" is. Al die Yashar'EL wat gerebelleer het teen die naam J*sus het gesterf onder die druk van die Rooms-Katolieke en Keiser Konstantyn in die donker era (*Inkwisisie tussen 400 en 1610*). Duidelik het ons nou die uitwysing dat daar 'n vervalsing gekom het en dat die bose 'mag' die Adamiet vir baie jare uitmoor en verly (*een god en een geloof*).

Nou die skok vir baie tot ontwaking. Die 'J*sus Christus' ("Abáddon / Apóllion") is 'n kragvolle entiteit in die geestelike wêreld. Die dag toe die naam 'J*sus' werklik deur die kerke en die mens-'dom' aanvaar was het die Christin-'dom' ontplof in biljoene aanhangers. Die Skrif leer ons in Matt.7 :14 ; 9:37; 10:8; 20:16; 22:14; Luk.13:23,24 so ook in baie ander verse dat ons min in getal sal wees, want 'n klein seuntjie sal ons kan tel (Jes.10:9). Baie sal sê: ja maar ons glo en doen presies wat in die Skrif staan, 'daar is net 'n 'naam' wat verskil'. In *Eseg.43:7 en 8* staan*: En Hy het vir my gesê: Mensekind, dit is die plek van My troon en die plek van My voetsole waar Ek vir ewig sal woon onder die kinders van ~~Israel~~* Yashar'EL *en die huis van ~~Israel~~* Yashar'EL *sal My ~~heilige~~ Reine Naam nie meer verontreinig nie, hulle en hulle konings met hulle hoerery (kerke) en met die lyke van hulle konings, by hulle dood;..*

Eseg.43:8 deurdat hulle hul drumpel by my drumpel gemaak het en hul deurpos langs my deurpos, sodat net die muur tussen My en hulle was; en hulle het My ~~heilige~~ Reine Naam verontreinig met hulle gruwels wat hulle bedryf het, sodat Ek hulle in My toorn verteer het.
Dus as jy dit kan verstaan en insien dat dit een huis, een gebou, een volk, een geloof, een god en een stelsel wat Esegiël hier deurgee. In daardie eenheid het VADER toegelaat dat hulle die voorhowe kan vertrap (Open.11:2). HY het toegelaat dat hulle langsaan VADER se deur kon bou. HY het toegelaat dat hulle die voorhof mag vertrap tot en met HY dit gaan stop (*Die Heiden lieg en bedrieg om voor te gee dat hulle god onse VADER is*). In *Matt. 7:22 en 23* staan: *Baie sal in daardie dag vir My sê: ~~Here~~ Meester, ~~Here~~ Meester, het ons nie in U Naam geprofeteer en in U Naam duiwels uitgedrywe en in U Naam baie kragte gedoen nie? :23 En dan sal Ek aan hulle sê: Ek het julle nooit geken nie. Gaan weg van My, julle wat die ongeregtigheid werk!*
Lui daar 'n klokkie ? As jy al die dinge gedoen het in die NAAM van onse YAHUSHA sou Hy jou nooit verwerp het nie, want dit is tog die opdragte wat YAHUSHA vir ons gegee het!

Daar is die wat van in die naam van J*sus duiwels uitdryf en soveel gesond gemaak het in die naam van J*sus, Waarom? Is dit nou waar die krag van die entiteit inkom? *(Demone {gevalle engele se nageslag of gebroedsel} is alom bekend onder die heiden volke waarvan hulle die 'entiteite' verskillende name gee. Demone is ook baie lief om in onrein diere in te gaan en hulle te vernietig {Matt.8:30,31}. Hulle mag / kan nie in die Adamiet of rein diere ingaan nie, "mits hulle toegelaat word deur die ontvanger").*

Kom ons luister nou aandagtig na 'n stelling; Mag VADER jou 'n geopen verstand gee sodat jy dit kan verstaan:
Iemand bring 'n besete persoon na 'n duiwel-uit-drywer. Die uit-drywer begin vir hom te bid. Die uit-drywer gebruik gewoonlik 'n Skrif, kruis en 'heilige' water. Hulle uitdrywing wissel van geval tot geval, want party van die besetenes moet vasgebind word en andere weer nie; Wat ook al sy is dat daar sommige gevalle moeiliker is as sommige gevalle. Hoekom?
Omrede sommige gevalle aan 'n sterker entiteit behoort. In Matt. 17:15, 16 lees ons van 'n entiteit wat te sterk was om sommer net so uit te jaag nl: *~~Here~~ Meester, ontferm U oor my seun, want hy is maansiek en ly swaar; want dikwels val hy in die vuur en dikwels in die water. 17:16 En ek het hom na U dissipels gebring, en hulle kon hom nie gesond maak nie.*
(Mark.5:4)

Ons sit nou met Rooms-Katolieke en ander susterkerke wat met manne sit wat daagliks met besetenes te doen het. Buite die kerk is daar ook baie besig om die sodanige besetenes te help in die naam van J*sus.

As jy die uitdrywing (*Sirkus*) op 'n afstand aanskou verwonder jy jou gewoonlik waarom sukkel hulle so om die demoon uit te jaag, want hulle het dan al die gereedskap (*Bybel, kruis en water*).

Die antwoord is voor die hand liggend. 'n Laer vlak demoon word maklik geïntimideer en uitgejaag. Dit word natuurlik moeiliker vir die man wat die uitdryf werk doen as daar meer as net een in die besetene is. Demone ken J*sus en weet dat hy 'n hoër vlak betree as hulle. Hulle het nie veel van 'n keuse om gehoor te gee as hulle in die naam van J*sus die liggaam moet verlaat nie. J*sus is die sagmoedige tog die vreesaanjaende in hulle realm. Vra gerus onder die werkers wat die demone uitdrywe of daar 'n demoon met die naam J*sus is (*Dink net daaraan dat die pous homself J*sus noem*). Al die vromes in die kerke dink hulle is in besit van J*sus, maar min wetend is hulle net 'n klomp leë doppe. Sodra die J*sus demoon in hom ingaan sal hy soos 'n besetene tekere gaan(*maansiek of vallende siekte*).Eers daar gelaat.

Ek gaan voort om te verduidelik hoe om by VADER uit te kom: YAHUSHA stel dit duidelik in *Matt. 6:33 .. soek eers die koninkryk van ~~God~~ VADER en SY geregtigheid*,.. die wat nie 'n twyfel het dat daar 'n VADER is en dat HY 'n Seun het met die Naam van YAHUSHA wil mos graag VADER se geregtigheid doen wat HOM behaag. *Matt.11:27 Alles is aan My (YAHUSHA) oorgegee deur My VADER, en niemand ken die Seun nie, behalwe die VADER; ook ken niemand die VADER nie, behalwe die Seun en elkeen aan wie die Seun dit wil openbaar.* Reeds het ons by YAHUSHA uit gekom en nou neem Hy ons na VADER (*weg van J*sus*) waarvan Hy as Middelaar daar vir ons sal wees (Joh.14:6).

Joh 15:16 staan*: Julle het My nie uitverkies nie, maar Ek het julle uitverkies en julle aangestel om vrug te gaan dra en dat julle vrug kan bly, sodat wat julle die VADER ook al in My Naam vra, HY julle dit kan gee.* Dus ons as uitverkorenes het toegang tot VADER in die Naam van YAHUSHA.

In *Jer.33:2* spreek VADER*: So spreek ~~die HERE~~ VADER wat dit doen, ~~die HERE~~ VADER wat dit formeer om dit te bevestig, ~~HERE~~ YAH (*VADER praat van SY Seun YAH*) is Sy Naam: 33:3 Roep MY (VADER) aan, en EK sal jou antwoord en jou bekend maak groot en ondeurgrondelike dinge wat jy nie weet nie. Jer 33:15 In dié dae en in dié tyd sal EK vir Dawid 'n Spruit (YAHUSHA) van geregtigheid laat uitspruit, en Hy sal reg en geregtigheid doen in die land.* Weereens noem VADER dat ons HOM moet aanroep en dat HY ons sal antwoord.

Wat baie belangrik is om op te let met Skrif studie is dat VADER die EEN is wat regeer met straf(*in geregtigheid*)en SY Seundie een is wat intree en pleit by VADER om SY volk in guns aan te sien (*YAH-SHA wat die'Engel' met hoofletter is in die Skrif /veronderstel om Boodskapper te wees*).

YAHUSHA is ontsettend en onverklaarbaar lief vir ons en daarom die ontelbare intrede tot ons redding. Toe die volk uit Egipte getrek het wou VADER nie saam met die volk trek nie, maar eerder doodmaak. VADER se Seun YAH het wel met die volk getrek om vir hulle in te tree as VADER toornig geword het op die volk (Ex.33). Telkemaal het VADER SY "Engel" (*Boodskapper YAH*) onder die volk en selfs vooruit gestuur om die volk te help.

Kom ons aanskou VADER in die volgende Skrif verwysings.

In Ex.33:18 tot 23 staan*: Daarop vra hy (Moses): Laat my tog U ~~heerlikheid~~ Lofwaardigheid sien. :19 Maar Hy (YAH) antwoord: Ek sal al My majesteit by jou laat verbygaan en voor jou die Naam van ~~die HERE~~ VADER uitroep; maar Ek sal ~~genadig~~ gunstig wees vir wie Ek ~~genadig~~ gunstig wil wees, en My ontferm oor wie Ek My wil ontferm. :20 Verder het Hy gesê: Jy kan My aangesig nie sien nie, want geen mens kan My sien en bly lewe nie. :21 Ook het ~~die HERE~~ YAH gesê: Kyk, hier is 'n plek by My waar jy op die rots kan gaan staan.:22 En as My ~~heerlikheid~~ Lofwaardigheid verbygaan, sal Ek jou in die skeur van die rots stel en jou met My hand oordek totdat Ek verbygegaan het. :23 En as Ek My hand wegneem, sal jy My van agter sien; maar My aangesig kan nie gesien word nie.*
Moses is in geselskap met YAH waarvan die gesprek ook voor VADER gedoen word. YAH sê dat Hy dié VADER se NAAM sal uitroep en Moses in die proses van verbygaan hom beskerm, want die lofwaardigheid is te groot vir 'n mens om dit te aanskou (*Kom ek stel dit so, toe Moses die berg opgeklim het, en daar vertoef het, en weer af gekom het, van die berg het sy gesig gegloei weens die vergadering met YAH op die berg. Dus as jy in YAH se teenwoordigheid was ontvang jou liggaam van Sy kragvolle uitstraling. Nou dieselfde gebeur met YAH in VADER se teenwoordigheid, of die lofwaardigheid op daardie stadium, en dus is daardie uitstraling teveel vir die mens om dit te aanskou*). Nadat YAH verby gegaan het kon hy Hom van agteraf aanskou, want nou is die gevaar van verblinding en dood verby.
Om YAH in VADER se teenwoordigheid te aanskou is nie moontlik nie, maar wel as Hy alleen met jou is (Ex.34:29-35).

Tot bevestiging lees ons in *Joh. 1:18 Niemand het ooit ~~God~~ VADER gesien nie; die eniggebore Seun wat in die boesem van die VADER is, dié het Hom verklaar.*
YAHUSHA het VADER soos bo verklaar en ingetree om ons te beskerm teen daardie geweldige glans van VADER se Lofwaardigheid.
1 Joh. 4:12 Niemand het ~~God~~ VADER ooit aanskou nie. As ons mekaar liefhet, bly ~~God~~ VADER in ons en het SY liefde in ons volmaak geword.
Dus al wat VADER van ons wil hê is die volmaaktheid om te kan verstaan hoe jy HOM moet nader.

Dan 7:9 staan: *Ek het bly kyk totdat trone reggesit is en 'n Oue van dae gaan sit het; SY kleed was wit soos sneeu en die hare van SY hoof soos skoon wol;SY troon was vuurvlamme, die wiele daarvan 'n brandende vuur; 7:10 'n stroom van vuur het gevloei en voor Hom uit gegaan; duisend maal duisende het HOM gedien, en tien duisend maal tien duisende het voor HOM gestaan; die gereg het gaan sit, en die boeke is geopen.*
Hier het ons 'n bietjie meer sig op VADER in wese in die realm waar geen oortredinge geduld sal word nie.

Hier volg 'n kragvolle vers tot openbaring:
Joh 17:24 VADER, Ek wil dat waar Ek is, hulle wat U My gegee het, ook saam met My sal wees, sodat hulle My ~~heerlikheid~~ Lofwaardigheid kan aanskou wat U My gegee het, omdat U My liefgehad het voor die grondlegging van die wêreld.
Ons as mens kan nie tot VADER gaan om HOM te aanskou nie, maar wel tot YAHUSHA (*soos bo uitgewys*). Mense die antwoord is "YAHUSHA". Hy is die weg tot VADER en die ewige lewe. Niemand kom tot die VADER behalwe deur YAHUSHA nie. Smeek dat YAH jou sal aansien en Hom aan jou sal openbaar. Smeek hom vir die weg na VADER sodat Hy jou kan verteenwoordig by VADER. Dat jy by VADER geken kan word as een wat YAHUSHA se aangesig aanskou het. Leef jou daarin om YAHUSHA te aanskou soos Moses dit gedoen het waarvan glans die antwoord is. Ons as die uitverkore moet elke dag smeek vir daardie oomblik.

Ons wat die voorreg het om 'n Yashar'EL te kan wees moet weet wat die woord "Yashar'EL" beteken: "*Dit beteken geworstel met die Skepper en met die mens en het oorwin - wat 'n uitgesoekte geselskap is van een kleur".*
Ons moet worstel met Hom om daardie seëning te kan ontvang wat Hy aan Jakob gegee het. Ons kan nie net ontvang omrede ons Yashar'EL is nie. Dit is wel net vir die tussen die Yashar'EL wat Sy aangesig soek!
1 Sam. 26:20 Laat my bloed dan nou nie op die aarde val ver van die <u>aangesig van ~~die HERE~~ YAH</u> nie…
2 Kron. 7:14 …My volk, oor wie My Naam uitgeroep is, hulle verootmoedig en bid en <u>My aangesig soek</u> en hulle bekeer van hul verkeerde weë, dan sal Ék uit die hemel hoor en hulle ~~sonde~~ oortredinge vergewe en hulle land genees.
Ps.27:8 Van U sê my hart: <u>Soek My aangesig!</u> <u>Ek soek U aangesig</u>, o ~~HERE~~ YAH!
Hand.3:19 Kom dan tot inkeer en bekeer julle, sodat julle ~~sondes~~ oortredinge uitgewis kan word en tye van verkwikking van <u>die aangesig van die ~~Here~~ Meester mag kom</u>, Hos. 5:15 Dan gaan Ek heen, Ek keer na My woonplek terug, totdat hulle skuld beken en <u>My aangesig soek</u>. In hulle nood sal hulle My soek.
Ja my boet en sus, soek YAHUSHA se aangesig en aanskou Hom. Matt.17:2; 18:10; Open.22:4 (Bedink dit)